LOURENSRIVIER GEMEENTE

Joh 12:24

"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug."

26 Februarie 2017

www.lourensrivier.co.za | Tel: 021 8535991

WELKOM BY ONS EREDIENS!

Diens: Petrie de Villiers & Niehan Koekemoer
SONDAG VAN VERHEERLIKING: NAGMAAL
Fokusteks uit Leesrooster: 2 Petrus 1:16-21
RCL tekste: Eks 24:12-18; Mat 17:1-9
Ps 2; Ps 99:4-5
Deurkollekte: Uitreikfonds

BELOFTELAND: 09:00 (3jr - Gr R)

DINAMIET KIEDZ: 09h00-10h15
Sanel & Hennie: Gr 1 tot 4 in saal
Karin: Gr 5 in Klaskamer op verhoog
Jackie & Lizeri: Gr 6 in die "Gat"
Liesbet: Gr 7 in die "Gat:

Navrae: Sanel Woodward:
021 854 8276 OF 0827068642

LIFELINE JEUG: Gr. 8 - 12 in Kerk @ 17:45:
ADMIN AAND
Constant @ 072 224 3267
JT @ 082 585 7578

KNIEWERK: Petrie vir diens

- Ons bid vir reën en dat ons land die Here se aangesig gedurig sal soek, nie net in nood
- Burrie van Zijl vir spoedige herstel en beterskap
- Kankerbehandeling: Paul Louw & Retha van der Westhuizen
- Ons innige meegevoel met Hans Delsink en familie met die heengaan van sy moeder
- Ons innige meegevoel met Elmarie Strombeck en familie met die heegaan van haar moeder, Winnie de Waal (HJS)
- Amanda Slabber bedank almal wat saamgebid het, dit gaan baie goed met haar suster, Marieta Bosman

FOKUSTEKS: 2 Petrus 1:16-21
Die Christelike geloof bou op die openbaring van God in Jesus Christus van Nasaret, gestuur deur die Vader en bemagtig deur die Heilige Gees. Ooggetuies het God se werk in Jesus waargeneem en dit neergeskryf. God se werk in die Ou Testament bereik sy hoogtepunt en afronding in Jesus. . **God gee hierdie gawe van GELOOF vryelik vir almal wat glo.** Dit verg geloofsmoed om in die genadige hande van God in Christus te val en jou lewe volgens God se bedoeling in te rig.

GEBEDSTEMA: MRT 2017

ONDERWERP: Beskermingsdienste
Lukas 7:8-9 Ek is self 'n man wat onder gesag gestel is en ek het soldate onder my. Vir een sê ek: 'Gaan daarheen!' en vir 'n ander sê ek: 'Doen dit!' en hy doen dit. Jesus was verwonderd toe Hy dit hoor. Hy draai toe om na die mense wat agter Hom aangekom het en sê: "Ek sê vir julle: In Israel het Ek nie so 'n groot geloof teëgekom nie."

Week 1: 26 Feb – 4 Mrt

Weermag/Lugmag/Vloot
Gebedsversoek:

- Bid vir die beskerming van die lede van die onderskeie magte.
- Bid vir die gesinslede van die manne en vroue in die magte.
- Bid dat hulle wie vir ons met wapens moet beskerm, die geestelike wapenrusting van God sal ken.

KOM WORD DEEL VAN DIE HARTKLOP VAN ONS GEMEENTE!

Skakel in by onderstaande Gemeente-aksies of 'n Omgee/ Kleingroep (kontak Kerkkantoor , 021 853 5991)

HOU ASB IN GEDAGTE DAT DIT 'N JAAR-PROGRAM IS, DUS SAL DAAR ONDERLINGE REëLINGS WEES INDIEN DAAR AFWYKINGS IN TYE OF DATUMS IN DIE WEEK IS

MAANDAG:

19h00: Rapha Vrouegroep (elke 2de Ma.)
Jackie Strauss; 084 505 2908;
(Sien byeenkomsdatums in Gemeentegids)

19h30: Kooroefening @ Kerkgebou
Stephan Meyer; 082 832 9420

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

DINSDAG:

09h00 of 19h00: Veritas Bybelskool: Module 2&3 **@ Konsistorie of Raadsaal.**

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

WOENSDAG:

08h00: Sr. Mannebyeenkoms @ Moederskamer;
Louis Steyn; 083 415 3031

09:00: Gebedsgroep in Moederskamer;
Riana van Huyssteen; 084 888 8614

09h00 of 19h00: Veritas Bybelskool: Module 1&4 **@ Konsistorie of Raadsaal.**

12h30: SNUFFELMARK @ Kerksaal
Elke laaste Wo. van maand
Skakel Kerkkantoor: 021-853 5991

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

DONDERDAG:

09h00 Gebedskursus
Kontak: Annalie Botes @ 021 854 4620

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

VRYDAG:

05h30: Mannebyeenkoms @ Smiling Oven;
Nic Huisman; 0825522423

06h00: Mannebyeenkoms @ Konsistorie
Ds. Leopold

19h00: #espresso-jouself Koffiekroeg vir jong volwassenes **@ Kleinsaal (Broadway-kant)**
Pieter Mouton; 083 391 5507

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

MAT 18:20 "want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle."

NUWE INTREKKERS?

Baie

by ons Gemeente!

In die voorportaal is 'n boekie waarin jy jou besonderhede kan aanteken waarna iemand in die Kerkkantoor jou sal kontak.

Die boekie is ook daar vir ENIGE IEMAND wat 'n huis-besoek verlang, voorstelle, of gebedsversoek het.

Kom drink na die diens
'n heerlike koppie tee/ koffie in die voorportaal saam met ons.

PRODUKTE WAT BENODIG WORD VIR DIE KOSKAS

ONTHOU produk (te) hoef nie meer as R20 te wees nie.....
ELKE BIETJIE HELP

(Gebruik mannasakke by deure of gee vir Wyk se Kosmandjie)

Pakkies Sop en sakkies sopmengsels
Blikkies Vis & Bief
Blikkies gemengde groente
Pakkies Soya Mince
2 Minute Noodles
Spaghetti & Macaroni
Klein pakkies suiker, koffie en tee
Poeiermelk & Boksies melk
Toiletpapier
Tandepasta, Seep, Sjampoe, Doekies
Skoonmaakmiddels

DIT WORD Sóóó WAARDEER!
~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

Nog by Kerkkantoor te koop t.b.v. Voedselfeesfonds: Lappieboontjies vir heerlike sop, sousbone en nog meer (500g @ R20)
EN Hoendermis @ R25 per kg: konsentreerd

HEERLIKE ROSYNTJIES @ R20 (500g) t.b.v. Mosambiek Geletterdheid.

AMOS KAAP MARK, 04 MRT 2017 TBV PLAASBEARBEIDING IN STRAND

Amos-Kaap hou **vyf Plaasmark** ten bate van plaasbearbeiding in die **Strand** op die sypaadjie **onder die Spur**. Hoof Koördineerder van die markte is JB Wessels kontak 0832334533 vir navrae. **Amos Kaap** is 'n nie rassige, interkerklike, landbouorganisasie wat fokus op evangeliebediening en die bemagtiging van die landbougemeenskap van SA en Afrika.

Amos se visie is: Om te *LEEF EN BOER SOOS GOD WIL*, **Amos se Missie is:** Die transformasie van die landbougemeenskap in Afrika deur die herstel en bou van verhoudings met God, mense en die skepping sodat God se Koninkryk in hulle sigbaar kan word. Ons wil deur die verkoop van vars produkte bv. groente en vrugte teen markprys fondse vir Amos werksaamhede insamel.

Markdatums vir 2017 as volg:

04 Maart- Wellington koördineer
01 April - Villiersdorp/Worcester koördineer
06 Mei - Studente Koue Bokkeveld koördineer
03 Junie - Citrusdal koördineer

Indien u meer inligting rondom Amos se werksaamhede wil weet kan u Amos Kaap se koördineerder (Ds. JB Wessels) by **083 2334533** skakel. Groete in Christus

Die Kerkraad het toestemming gegee vir die gebruik van die **ZAPPER selfoon toepassing** as 'n addisionele manier vir Bankkollekte en Dankoffer bydraes.
Vir meer inligting of navrae, kontak Annalie @ 021 853 5991

WEGNEEMETES: Vrydag 3 Maart (t.b.v. ons Voedselfees)

Daar is smullekker Kerrie & Rys @ R30 (goulash),
'n Jumbo-Hamburger met 'n bief-patti van Flameros @ R30 ASOOK
Pannekoek @ R5 (Jou dienswerker sal jou besoek met die ete-opnames).
Lidmate kan ook kaartjies koop by die kerkkantoor
Kontak: 021 853 5991

IS DAAR DAE WAT JY **"AF"** VOEL?
KRY JY **SWAAR**?
SUKKEL JY OM GEESTELIK EN LIGGAAMLIK **STERK** TE BLY?
HET JY **GEBED** OF **BEMOEDIGING** NODIG?
ONS WIL JOU SÓ GRAAG BYSTAAN!

Kontak: Joubert van Tonder @ 0829492045

WêRELDBIDDAG VIR VROUE (EN MANS)



ONS NOOI JOU UIT: Kom aanbid saam met ons vir 'n uur en lê jouself, jou eie probleme en dankseggings, ons kinders, ons land en leiers voor die Here neer (mans ook welkom).
NAVRAE: Joubert van Tonder @ 082 9492 045

IS GEBED REGTIG NODIG? Die vraag is: Het `n soewereine, almagtige God ons gebede werklik nodig, kan dit herlewing bring, genesing bewerkstellig, reën laat kom. In Esegiël 22: 30 –31 lees ons: "Ek het iemand tussen julle gesoek wat `n muur sou bou en vir die stad in die bres sou tree dat dit nie vernietig sou word nie, maar ek het NIEMAND gekry nie".

BYBEL IN KERK GEVIND:



GELUKWENSING:

- Langies en Alta Langenhoven het die trotse Oupa en Ouma geword van 'n kleindogter. Babatjie Mira is gebore op 21 Februarie 2017. Baie seën ook vir die ouers, Deon & Corlia.
- Dillie van Deventer is die trotse ouma-grootjie van 'n agterkleinseun wat in Nieu Zealand gebore is. Sy naam is Kai. Baie seën ook vir die ouers Sean & Renata van Deventer.

PRINTING SPONSORED BY
PAM GOLDING PROPERTIES

Edelweiss Hankey 083 252 1964
edelweiss.hankey@pamgolding.co.za
pamgolding.co.za

PAM GOLDING
PROPERTIES